Sondag 11 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:16, 17 (AFR53/AFR83/AFR2020)

Bid vir die kerk van die HERE

Paulus is onder huisarres omdat hy sy Christenskap met woord en daad uitgeleef het. Hy buig sy knieë voor die Vader, en hy bid tot die Vader aan wie die gemeenskap van die gelowiges behoort. Hy bid tot die HERE aan wie die hele kerk, wat deur al die eeue gebou word, sy bestaan te danke het. Hy bid tot die ewige en enige ware God aan wie die gemeente Efese sy bestaan te danke het. Dit is ook 'n gebed vir ons wat geroep is om deel te wees van die HERE se kerk.

Paulus bid vir verskeie dinge in die gedeelte wat ons gelees het, maar die een spesifieke aspek wat herhaal word in sy gebed, is die liefde. Hy bid dat ons in die liefde gegrondves sal wees. Ons moet in die liefde gewortel wees. Ons lewe moet uit die liefde groei en in die liefde vasstaan.

Hierdie liefde is die liefde wat ons hemelse Vader aan ons bewys het toe Hy sy enigste Seun, Jesus Christus, gegee het om ons te verlos van al ons sondes. Hy voed en versorg ons deur sy Woord en Heilige Gees om elke dag aan Hom lof te bring. Hy het dit so bestem dat ons deur sy Seun die hemelse Kanaän sal ingaan. Dit is dié liefde wat ons verstand te bowe gaan, want ons verdien dit nie.

Dit is ook in die liefde wat ons gewortel moet wees. Dit is die liefde wat na vore moet kom, uit ons moet groei, in ons woorde en dade. Dit is egter nie altyd maklik om jou Christenskap met jou woorde en dade uit te leef nie. Ons is soms bang om oor ons geloof met ander mense te praat om die braaivleisvure of by die skool. Ons is bang om ons hand in die gemeente op te steek om diensbaar te wees, nie net as ouderling of diaken nie, maar ook om op een van die diensgroepe in die gemeente te dien. Daarom moet ons ook vir mekaar bid dat ons as kerk ons Christenskap met ons woorde en dade sal uitleef tot eer van ons hemelse Vader.

*Sing: Psalm 30-1:1, 3*

*Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)*